

Leersentrum 'n mylpaal vir die HOOP Projek

Die JS Gericke Biblioteek se ultramoderne Leersentrum is 'n eerste mylpaal vir die US se HOOP Projek wat sedert middel-2010 ingeskop het.

Daar was meer as 18 000 besoekers by dié sentrum in die eerste twee weke nadat dit einde Januarie geopen het – en die terugvoer is oorweldigend positief. Die sentrum vir voorgraadse studente kan kers vashou by die bes-tes ter wêreld.

Dit verskaf 'n geïntegreerde biblio-teekdiens met 100 rekenaarwerkstasies waar Maties toegang het tot die biblioteek se versamelings (gedruk én elektronies), databasisse waarop die biblioteek ingeteken is, die internet en gebruikersagteware – en met koord-lose internettoegang, skootrekenaar-ruimtes, oop en private gespreks-ruimtes, skandeer- en druktoerusting, en nóg 16 rekenaars net vir kits-kubernaslaanwerk. Die aangrensende e-klaskamer (48 werkstasies) bied ewe moderne opleidingstechnologie.

Die Universiteit besef dat 'n ultra-moderne biblioteek noodsaaklik is vir 'n internasionaal erkende navorsings-en onderriginstelling, sê Ellen Tise, senior direkteur van die Biblioteek- en Inligtingsdiens. In studente se leef-wêreld, waar inligting goud werd en

inligtingsgelettertheid onontbeerlik is, is dit vir hulle van groot waarde om toegang te hê tot so 'n fasiliteit – en te weet hulle verwerf 'n kwalifikasie by 'n wêreldklas-instansie, sê sy.

“Die Leersentrum integreer toe-gang tot elektroniese hulpbronne, op-leiding om die maksimum voordeel daaruit te haal en beter dienslewering deur personeel en portuur-assistente – alles hydraende faktore om studente-sukses te bevorder.”

Vir baie studente wat nie hul eie rekenaar-toerusting kan bekostig nie, is die Leersentrum 'n belangrike hulp-middel om hul leerervaring te verryk. Vir studente met eie skootrekenaars is daar ruimtes met kragpunte en radio-netwerkverbinding (WiFi).

Inligtingsgelettertheid is die Leer-sentrum se hooffokus, omdat die vermoë om te onderskei tussen ontoepas-like en relevante inligting so belangrik is. Voltydse biblioteekpersoneel en goed opgeleide studente-assistente leer dus studente om inligting te soek en krities te evalueer – en bronne op die regte manier in werkstukke te erken.

Die Leersentrum is deel van een HOOP Projek inisiatief, wat onder meer studentesukses en uitnemende navorsing bevorder.

Ander suksesse

■ 'n US-ooreenkoms in 2010 met Elsevier, die wêreld se voorste uit-gewer van wetenskaplike, tegniese en mediese inligting, behels dat 'n versameling van alle gepubliseerde vaktydskrifte asook Elsevier se vol-ledige e-boekversameling van meer as 7 000 titels in die JS Gericke Biblio-teek beskikbaar is.

■ Die US was in 2010 die eerste Afrika-universiteit wat die Berlyn-verklaring oor Oop Toegang (*Open Access*) tot Inligting rakende die Natuur- en Geesteswetenskappe onderteken het. SUNScholar – 'n elektroniese argief wat digitale tesisse, proefskrifte en vele meer versamel, bewaar en versprei – is geskep vir elkeen met internetverbinding, by: <https://scholar.sun.ac.za>

Besoek ook: www.diehoopprojek.co.za



Me Ellen Tise, Senior Direkteur van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, dr Paul Cluver, Voor-sitter van die Universiteitsraad, en prof Arnold van Zyl, Viserektor: Navorsing, voor die Leersentrum met die opening daarvan.



Die Leersentrum se helder kleure volg 'n Smarties box ontwerp-konsep – met stylvolle elemente en meubels. Dit is in gewone biblioteek-tye oop vir alle studente en personeellede, maar net met kaarttoegang.

Avoiding the health risks of travel

“Life is risky – and travel even more so,” says Dr Craig Thompson who heads the Travel Medicine Clinic, an exciting new development at the Stellenbosch University (SU) Campus Health Service.

Travel increases worldwide. “In 2007 already, the World Travel Organisation recorded over 903 million international tourist arrivals – mostly in developed countries,” says Thompson.

But why have a Travel Medicine Clinic at SU? “Because,” he says, “the University is increasingly exposed to world travel.”

Not only do the staff and students “emigrate” here from all parts of South Africa, elsewhere on the continent, and from all over the world, but many members of the campus community go on academic, sport, leisure and other visits beyond our country’s borders.

About 3 000 foreign students, from various parts of the globe, study here. Even South Africans from elsewhere in this country may arrive here. They may have been exposed to other health risks, for instance malaria, at their place of origin.

Rift Valley Fever, for example, is a viral infection, which can spread to people working with domestic live-stock. In 2010, 230 such cases were reported in South Africa, and recent floods in affected areas may worsen

this situation, as the condition is also spread by certain mosquitoes.

Other reasons for caution on campus include:

- Thousands of students live in hostels, and the population density on campus, such as in lecture halls, poses risks for disease outbreaks.
- Students and staff may have occupational medical “exposures” to, for example, Hepatitis B or HIV.
- Many sports teams and individual athletes come to Stellenbosch to use SU facilities.
- As a popular tourist destination, Stellenbosch is visited by hundreds of thousands of visitors every year.
- The diverse student and staff community includes not only many foreigners, but also for example Muslims who go on pilgrimage to the Middle East.

“Every year, about 100 million travellers visit developing countries, where health systems and hygienic conditions are often of poor standards,” says Thompson.

“The new clinic’s primary goal is to protect travellers from disease and death. Secondly, we’d like to mini-

mize the impact of illness and accidents, especially for travellers who return to campus.”

Travel medicine is a dynamic field, with regular updates required about changing patterns of illnesses around the world. “Our clinic stays in contact with international bodies such as the World Health Organisation and the Centre for Disease Control and Prevention. We are registered with a number of organisations,” says Thompson.

The clinic participates in national monitoring programmes – especially of infectious disease outbreaks.

Worldwide, travel medicine receives increasing attention. Thompson describes it as “a multidisciplinary field, involving the interactions of for instance tropical medicine, infectious diseases, microbiology, internal medicine, aviation and maritime medicine, public health, occupational medicine and pharmacology.”

Travel health professionals – doctors and, under their supervision, the nurses – take into account each traveller’s particular needs, such as the destination, duration of stay or reason



Dr Craig Thompson, a doctor at the Campus Health Service who also heads the new Travel Clinic. His qualifications include a master’s degree in sports medicine.

for travel. The travel industry also plays a role by informing travellers of potential travel risks.

The Travel Medicine Clinic provides information and advice about various disease risks, as well as the supply of relevant travel medicines and vaccinations where needed and may recommend to the potential traveller self-assessment and treatment options when abroad. Post-travel medical assessments are also provided.

Examples of recent infectious disease outbreaks across the globe

DENGUE FEVER (the “most common cause of fever in travellers returning from the Caribbean, Central America and South Central Asia”. Brazil experienced 936 260 cases last year, 14 000 of them severe and 592 fatal.

FLU, worldwide, with an ongoing outbreak now in the Northern Hemisphere: multiple deaths, and in the UK a 25% ICU bed occupancy due to H1N1.

YELLOW FEVER has caused 190 cases and 48 deaths in Uganda.

POLIO: 400 “suspected” and 11 confirmed cases in the DRC (end of 2010) and (in October 2010) 458 confirmed cases in Tajikistan (imported from India).

MEASLES: 18 363 cases in South Africa since early 2009.

The SU Campus Health Service also promotes: flu, meningococcal and measles vaccines for all hostel dwellers, and routine adult vaccination schedules.

Op die Web / On the Web: <http://www.sun.ac.za/kampusnuus>



TEACHING

Changing lives through Maths and Science

2



OPLEIDING

Wêreldleier vir die duikbedryf

3



BEDRYF

Gebou dalk futuristies herskep

4



TEGNOLOGIE

Stoorstokkie dalk e-leer se toekoms?

5




TEACHING

Addressing scholarship in Africa

8

VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR / FROM THE EDITOR'S DESK



Die Suidooster is mos die Kaapse Dokter wat ons warm somers leefbaarder maak. Veral sulke warmes soos die een wat nou aan die verbygaan is!

Maar dié andersins welkome besoeker kan gevaarlik raak.

Soos onlangs, 10 Desember 2010, toe 'n sterk Suidooster in die brand op kampus die vlamme binne minute deur droë dakbalke help jaag het – sodat 'n gebou vernietig is, met meubels en toerusting, om nie te praat van boeke en ander waardevolle besittings nie.

Ernstige brande – so vertel ons dorp se opgetekende geskiedenis ons – was van vroeg af 'n bedreiging.

Die dorp se eerste gróót brand was op 'n week ná presies drie eeue voor die onlangse een op kampus. Dit was op 17 Desember 1710.

Dié vroeë nedersetting, 'n gehuggie eerder as 'n dorp, het nog net uit enkele grasdakgeboutjies bestaan. Dit was skaars dertig jaar nadat 'n primitiewe drosdygeboutjie in die 1680's hier opgerig is as kern van 'n nuwe dorp wat aan die ontstaan was.

Die brand het die kerkie (naby waar D'Ouwe Werf in Kerkstraat nou is) verwoes. So ook die "raadshuis" (die drosdy, waar die Kweekskool nou is) en die perdestalle, wat uit 'n vervoereconomie-oogpunt uiters belangrik was! Ook "nog twaalf stux particuliere huijse sijn verteerd, en in d'assche gelegd geworden." Dit moes die grootste deel van die dorpie gewees het.

Die kerk se herbou het sewe jaar gesloer. 'n Nuwe een is opgerig waar die Moederkerk nou aan Kerkstraat se bopunt is – eenkant, aan die dorp se oostekant, sodat 'n Suidooster nie sommer weer 'n brand van 'n ander gebou af kerk se kant toe sou oorwaai nie! Intussen is kerkdienste in 'n boer se wynkelder daar naby gehou.

Nou, drie eeue later, is dit 'n kerk wat onder meer instaan as lesingsaal vir studente wat deur die brand op kampus ontwrig word.

Maar dis darem net 'n tydelike reëling – dit hoef nie, soos in die vroeë 1700's, jare se ontwrigting te beteken nie! Want die erg beskadigde gebou op kampus word vanjaar nog tot 'n "futuristiese onderrig- en leerfasiliteit en kantooruimte" omskep.

'n Simbool, soos die rektor gesê het, van die US se verbintenis om 'n instelling van en vir die 21ste eeu te wees.

Om, volgens die HOOP Projek, vorentoe te kyk en te vra: Hoe kom ons by 'n beter more uit?

Hans

KAMPUSKLETS

OPPIE ROOIPLEIN!

Changing lives through Maths and Science

A bridging programme, Science and Mathematics at Stellenbosch University (SciMathUS) is celebrating its tenth anniversary. NOKWANDA SIYENGO (photo), programme manager of SciMathUS, writes about this successful initiative.



"I am Bongive Tyhala, 26 years of age. I finished my six-year degree in Medicine at the University of Stellenbosch in December 2009. I am from a single parent family with three siblings. I have an older brother and two younger sisters. Life for me and my family has been a challenge in that we have fortunately survived till today. That has been with help we've received from many people we've met through the years. Becoming a medical doctor has been a dream of mine but little did I know how much it required. It never occurred to me that I would wake up one day (in Grade 11) and realise that not performing (academically) was one of the stumbling blocks I had to overcome to be accepted into Medical School. To cut a long story short, SciMathUS came to my rescue! It was almost like I've never met people so caring, compassionate and patient in my whole life..."

– BONGIWE TYHALA, former SciMathUS student from 2002, who is doing her second year internship in Limpopo province this year.

The aim of the SciMathUS Bridging Programme is to enable talented and motivated coloured and black students who were disadvantaged by the school system, to qualify for sought after university programmes and to equip them with the necessary skills to study successfully in these fields.

In SciMathUS the students have a choice between a stream focusing on Mathematics and Physical Sciences and a stream focusing on Mathematics and Accounting. They have classes from 08:00 to 17:00 every day and spend most of the time on these subjects, to cover the whole FET phase.

This also allows students who did Mathematical Literacy instead of Mathematics as a grade 12 subject to attend the programme and obtain good results in Mathematics.

The time table runs over ten days and allows for 20 hour-long sessions in each of Mathematics and Physical Sciences and 16 hours of Accounting. Between 14:00 and 17:00 the students attend tutorials, computer-assisted learning sessions, small group work and individual sessions with the facilitators. Students also receive tuition in study, thinking and language skills as well as a basic computer skills course.

In SciMathUS we follow a hybrid problem-based learning (PBL) model of teaching. Mathematics and Physical Sciences are taught in an integrated manner because we want our students to experience these subjects as mutually interdependent and supportive and not as belonging to separate silos.

We also want our students to become independent and self-driven learners – to solve the

problems presented to them, instead of sitting passively in class, waiting for the lecturer to give them all the answers and information.

The lecturers act as facilitators and actively follow the learning process as this occurs in class time. Sometimes, the students work individually, at other times in pairs or in groups.



They follow the programme on campus, which entails that they are exposed to campus life. When they complete the programme, the majority naturally prefers to study at SU.

Many of them have described the opportunity to benefit from this programme to be a life changing educational experience – turning despair into hope, and dreams into reality. Because of its impact, the programme has been selected to be one of the University's flagship community interaction projects as well as one of the 25 components of the HOPE Project.

Since the students rewrite the national grade 12 examinations in Mathematics and Physical Sciences at the end of each year, we have a means of monitoring their progress in the programme. This is illustrated in the results of the 2010 group. An individual student's mark at the end of grade 12 is presented with a circle and the mark after SciMathUS with a dot, the vertical line depicting the student's improvement over the SciMathUS year. A shaded band indicates the average improvement in percentage points of the group as a whole (See tables on the right as examples).

It is also significant to note the number of students that SciMathUS has prepared for studies in the various faculties (see below).

SCIMATHUS 2010 COMPARISON OF RESULTS



Kampusnuus wil graag 'n platform skep vir gesprekvoering op die kampus. Menings in artikels, briewe en Kampusklets en Opapie Rooiplein! is dié van die betrokke individu en nie noodwendig die standpunt van die Kampusnuus-redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.

Flow of SciMathUS students into SU Faculties

Faculty	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010	Total
Engineering	21	9	2	1	12	7	3	55
Natural Sciences	14	18	17	16	16	22	32	135
Health Sciences	2	5	3	0	3	2	6	21
Economic & Management Sciences	21	15	9	11	17	14	14	101
Agri-Sciences	0	6	1	3	4	4	9	27
Social Sciences	1	3	2	6	4	7	4	27
TOTAL	59	56	34	37	56	56	68	366

The number of former SciMathUS students who graduated at the University between 2005 and 2010

Faculty	Graduated up to the end of 2010	Post graduate degree/diploma/certificate
Medicine	5	-
Health Sciences (other than medicine)	6	1
Engineering	7	-
Science	21	7
B Commerce	15	1
B Accounting	8	2
Other	9	5
BSc Agriculture	1	-
TOTAL	72	14

Tygerberg-dosent 'n wêreldleier

Duikmediese- en Hiperbariese Geneeskunde-kursusse wat dr Jack Meintjes (Afdeling Gemeenskapsgesondheid, Fakulteit Gesondheidswetenskappe) ontwikkel het, is eweknie-instansies wêreldwyd se maatstaf vir opleiding in dié nisgebiede.

Die internasionale opleidingsmodel is geskoei op twee honneurskursusse wat die fakulteit sedert 2005 al aanbied.

Die *Diving Medical Advisory Committee* (DMAC) en die *European Diving Technology Committee* (EDTC) onderhandel met Meintjes (hoof van die US se Baromedisyne en Beroepsgeneeskunde-eenheid) om internasionaal as eksaminator op te tree.

Oor die model hiervoor onderhandel Meintjes nou in 'n finale

stadium met Amerika se *Undersea and Hyperbaric Medical Society* (UHMS). Praktiese studente-opleiding is wêreldwyd by geakkrediteerde instansies – met die teorie-opleiding deur webstudies by die US.

As beginstap in die internasionalisering van dié US-kursusse is 'n aantal konsultante aangestel, onder meer in Italië, Pole, Swede, Noorweë, Australië, die VK en die VSA. Meintjes, dr Frans Cronjé en dr Cecilia Roberts by die Baromedisyne- en Beroepsgeneeskunde-eenheid vervul dié rol in Suider-Afrika.

Internasionale duikmediese programme, geregleer deur wetgewende liggame, verskil van land tot land. SA programme moet by die Departement van Arbeid geregistreer word.

“Ons word gesien as wêreld-

kenners in dié veld en is raadgewend tydens die bepaling van riglyne.” sê Meintjes.

Die bedryf – met oliemaatskappye en die *International Marine Contractors Association* (IMCA) as die belangrikstes – dryf opleidingsbehoefes in die duik-mediese veld. Beroepsdikers moet jaarliks mediese ondersoek ondergaan. Die standaard hiervoor word in besonderhede in die akademiese programme behandel. 'n Opgeleide duikmediese dokter kan dienste verskaf aan duikers en die maatskappye waarvoor hulle werk.

Die internasionale opleidingsplatform waarin die US nou die leiding neem, word in Maart by die Onderwater- en Hiperbariese Geneeskunde Vereniging van SA se internasionale kongres in Kaapstad bespreek.



Dr Jack Meintjes, sr Surita Fitchat en dr Cecilia Roberts in die Baro- en Beroepsgeneeskundefasiliteit op die Tygerberg-kampus.

German leads Chinese Studies Centre

The Centre for Chinese Studies (CCS) has welcomed as its new director Dr Sven Grimm, a political scientist from Germany.

“It is a major challenge to work within such a prestigious institute, which is well-known throughout Europe and the rest of the world for its exceptional work on China-Africa relations,” says Grimm, who always wanted to work in Africa and regards South Africa as a very good choice in that regard.

He has a PhD from Hamburg University, also studied in Ghana and Senegal, and worked with the London-based Overseas Development Institute (2003-'06) and the German Development Institute (2005-'10).

His interest in China-Africa relations was piqued in 2006 during a China-Africa Summit of the Forum of Chinese-African Cooperation in Beijing. He has focused on China-Africa relations as the key example for the increasing international co-operation of emerging economies with African states.

For African development, “the China-Africa policy has a great potential – if it is managed wisely. Having the CCS as an academic hub in Africa for collaborative work with international scholars – and jointly exploring the implications in their manifold facets – be it political, economic, socio-cultural or environmental – is a fantastic opportunity,” he adds.

A major challenge regarding China's presence in Africa though has been the lack of, or proper transference of, skills to the citizens of the countries where Chinese companies or entities are investing or operating. This has featured quite prominently in the media over the last few years and needs to be addressed, says Grimm.

He wants to see more skills transference. “Chinese policy makers are getting their head around this as well. In some instances there might be more to learn from China than from others. However, the transfer of technology and skills are only starting to happen and that will have to be an agenda that African countries will have to push for in their relationship with China and also other countries.”



Dr Sven Grimm, new director of the Centre for Chinese Studies.

He would, however, not describe China as a neo-colonial power taking advantage of the African continent as has often been portrayed in the media. “Calling the engagement neo-colonial is polemic and historically incorrect,” he says.

“Chinese engagement on the continent is an opportunity for African states. China is very open, if not blunt, about its intentions: it aspires to win-win situations and mutual benefits... China's first emphasis is still on the Chinese benefits, naturally. This, however, has very little to do with the

aspirations of territorial control for better exploitation.”

His future plans for the Centre, he says, includes a closer focus on comparative research between China and other external partners to Africa as well as more

focus on lessons to learn from China's domestic development.

Grimm came to Stellenbosch from Cologne with his husband, Cord Luedemann, a German lawyer. When he is not engrossed in his academic passion, he spends his time discovering nature and reading.

■ For more information about the CCS, visit www.sun.ac.za/ccs. For the full interview with Dr Grimm, download the 58th issue of the China Monitor at <http://www.ccs.org.za/?cat=13>

– LYNNE RIPPENAAR & ELIZABETH SCHICKERLING



New colleagues from China

The Confucius Institute Stellenbosch University (CISU) has celebrated the Chinese New Year, the Year of the Rabbit. At the celebrations were, from left, prof Wang Peiwei, Mandarin teacher in the CISU, Zhao Wei, Mandarin teacher in the Department of Modern Foreign Languages (MFL), Prof Xie Zuoxu, CISU co-director, Robert Kotzé, director of the Postgraduate and International Office (PGIO) and CISU co-director, and Amy Yu, CISU lecturer and administrator.

The three Chinese colleagues are based in Stellenbosch for two years, participating in Chinese related CISU projects as well as at the MFL Department and the Centre for Chinese Studies (CCS).

Xie is from China's Xiamen University, the partner institution in operating the CISU with the support of the Confucius Institute headquarters in Beijing. Wang (from the Huazhong University of Science and Technology in Wuhan) teaches Chinese history and culture at the CISU and at MFL. Zhao (from Liaoning where she lectures at Dalian University) teaches Mandarin at MFL.

CISU is starting satellite classrooms in Tableview and Pinelands, for outreach courses to school children, especially those with a Chinese or Korean background.

■ For CISU courses contact 021-808 9158, cisu@sun.ac.za or the Postgraduate and International Office, Administration A.

Highest honour for TB research veteran

After a research career of more than 30 years at the SU Faculty of Health Sciences, and international recognition for his contributions in the field of childhood TB, emeritus professor Peter Donald was honoured for his outstanding lifetime contributions in the field of childhood TB by the International Union against Tuberculosis and Lung Disease. He received the Union Medal at the 41st Conference of the International Union against Tuberculosis and Lung Disease in Berlin recently.

Apart from childhood tuberculosis, Donald has a wide range of interests in the field of tuberculosis research, particularly tuberculous meningitis, and the epidemiology of tuberculosis. He has been actively involved in the assessment of anti-tuberculosis agents in children and adults for more than 20 years and was principal investigator in 12 studies of the early bactericidal activity (EBA) of anti-tuberculosis agents that assisted in establishing the EBA technique as a reliable objective manner of assessing an anti-tuberculosis agent.

Although now retired from a full-time university appointment, Donald remains active in various tuberculosis research activities in the Department of Paediatrics and Child Health and the Desmond Tutu TB Centre (DTTC) in particular. He is the only A-graded research scientist in the faculty.

According to an article in the Union's newsletter, he enjoys the unique flora of the Western Cape Province of South Africa when he is not working, and he takes part in cross country running “and likes to pretend that he can play the recorder”.

He completed his medical studies at SU and embarked on a career in clinical research more than 30 years ago when he joined the Department of Paediatrics and Child Health.



The medal was presented to Prof Donald (left) by Dr S Bertel Squire, president of the International Union against Tuberculosis and Lung Disease.

Tussen uitwissing en dankbaarheid

“Algehele uitwissing,” is hoe prof Albert Grundlingh, voorsitter van die Departement Geskiedenis, sy departement se skade weens die brand in die Wilcocks-gebou beskryf.

“Alles in ons departement is vernietig – soos in ’n gebou wat in die Tweede Wêreldoorlog gebombardeer is.”

Verskeie antieke, handgetekende kaarte wat tot byna 300 jaar oud was, het onder meer in die slag gebly. Dié gerestoureerde kaarte het in die departement gehang.

Die departement was op die grootste deel van die boonste verdieping. ’n Sterk Suidooster het die brand – wat in die dak ontstaan het – aangegaag.

Stof op die 45 jaar oue gebou se plafonne en kurkdroë dakbalke het ’n “stofontploffing” veroorsaak en die hele dak was binne minder as ’n halfuur in vlamme. Dakteëls en brandende balke het op die boonste verdieping ingestort.

“Ons het onder meer boeke verloor wat uit druk is,” sê Grundlingh. Twee geskiedenisdosente, proff Bill Nasson en Sandra Swart, het die meeste van hul waardevolle boekversamelings in hul kantore gehad.

Die Departement Sielkunde se meesters- en honneurs-lokale was ook op die boonste verdieping en is ook vernietig.

“Behalwe hiervoor, en vir die verlies aan onder meer toerusting en boeke weens waterskade, was ons egter gelukkiger. Ons het min verloor,” sê prof Tony Naidoo, voorsitter van dié departement.

Niemand is in die brand beseer nie. “Maar was dit in eksamentyd, met die gebou vol mense, kon dit veel erger gewees het” sê Naidoo. Die

brand was op die Vrydagmiddag ná die laaste Desember-gradeplegtigheid.

’n Sielkunde-meestersgraadstudent, Theresa van Rooyen, is getraumatiseer toe sy op die boonste verdieping vasgekeer was. Grant Leukes (foto regs onder) van die Nagraadse en Internasionale Kantoor het haar gehelp om deur ’n venster na die verdieping onder toe af te klim.

Die Universiteitsargief en die Nagraadse en Internasionale Kantoor – albei op die grondverdieping – het min skade gely.

Robert Kotzé, direkteur van die Nagraadse en Internasionale Kantoor, sê die meeste van sy personeel het vroeër verlede jaar na Admin A verskuif, waar ook die res nou tydelik gehuisves word.

Dr Hans Heese, direkteur van die Argief, het einde Desember afgetree. Sy opvolger, Karlien Breedts, is tydelik in Admin A gesetel, met toegang net tot die gedigitaliseerde argiefmateriaal.

Daar was net geringe waterskade aan kantoormeubels in die Argief. ’n CO²-stelsel beskerm die argiefmateriaal in die gebou maar die personeel mag nie daar ingaan nie.

Die gebou is laat in 1965 voltooi en vernoem na prof RW Wilcocks, eertydse professor in sielkunde, wat tot 1955 twintig jaar rektor was. Dit is opgerig nadat ’n geskiedkundige gebou, die universiteitskoshuis Macdonaldhuis, onder meer hier gesloop is.



Hennie Rudman



Grant Leukes.



Anton Jordaan

Gebou dalk futuristies herskep

Die Wilcocks-gebou word dalk ’n futuristiese gebou van die 21ste eeu – en kan ’n nuwe naam kry. Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, het by ’n inligtingsessie vir geaffekteerde personelede gesê die gebou kan volgens nuwe behoeftes aangepas word.

Dit kan ’n simbool word “van die Universiteit se verbintenis om ’n instelling van en vir die 21ste eeu te wees. ’n Belangrike aspek van die HOOP Projek is om vorentoe te kyk en die vraag te vra wat moet jy vandag doen om by ’n beter more uit te kom. Nou het ons die geleentheid om dit te doen.” Die gebou “kan ’n futuristiese

onderrig- en leerfasiliteit en kantoorruimte” word.

Personelede het meestal gunstig gereageer op prof Tony Naidoo (Departement Sielkunde) se voorstel van ’n naamsverandering. “Vir baie van ons is Wilcocks deel van die geskiedenis van Suid-Afrika waarvan ons moet wegbeweeg. Ons praat hier van hoop, ons moet die geleentheid gebruik om hoop te genereer,” het Naidoo gesê.

Die forensiese ondersoek na die brand se oorsaak is afgehandel, maar die finale verslag word nog opgestel. “Die uitgangspunt is dat die brand per ongeluk ontstaan het – “aan die teenoorgestelde kant as waar

werkers besig was om die dak te herstel,” het die rektor gesê. Die versekeraars gaan uitbetaal maar ’n verdere R15 miljoen is nodig vir verbeterings

“Jammer vir almal wat getraumatiseer en ontwrig is, almal wat persoonlike eiendom verloor het, asook belangrike en kosbare werkverwante dokumente, manuskripte, boeke, navorsing, foto’s en elektroniese inligting verloor het,” het hy gesê.

Herstelwerk het al begin. Die teiken-datum vir voltooiing is Oktober, maar alles behoort teen begin 2012 afgehandel te wees.

– ILSE ARENDSE

Kruiskerk is nou lesingsaal

Klas toe gaan in ’n kerk is ’n ongewone ervaring op die kampus. Vir geskiedenis- en sielkunde-studente is die Kruiskerk oorkant die beskadigde Wilcocks-gebou nou ’n lesingsaal.

Tydlike lesingsale is ook in die Natuurwetenskap-gebou en by die Kweekskool verkry. Sielkunde se personeel word onder meer in die GG Cillié-gebou, by Lettere en Sosiale Wetenskappe en daar naby in ’n tydelike gebou gehuisves en dié departement se diens aan die gemeenskap gaan voort in ’n huis op Welgevallen.

Die Geskiedenis-personeel word by die Departement Journalistiek en in die US Museum geakkommodeer.

Gratis speltoetsers in vyf SA tale beskikbaar

MICROSOFT het al ’n geruime tyd gratis taalpakette beskikbaar vir Office 2003 en Office 2007 in Afrikaans, isiXhosa, isiZulu, Sesotho en Setswana. Dié pakette laat gebruikers toe om speltoetsing vir hierdie tale in enige van die Office-produkte te aktiveer. En sou gebruikers verkies, kan dié pakette ook die Office-produkte heeltemal na een van hierdie tale toe oorskakel.

Verder het Microsoft ook planne bekend gemaak om binnekort dié sagteware vir die nuwe Office 2010 beskikbaar te maak.

Vir meer inligting, en om die taalpakket af te laai, gaan gerus na: <http://tinyurl.com/MicrosoftLangPacks> (Dit verwys na ’n webblad wat slegs die korrekte adres verkort. As dit oopmaak, sal dit outomaties na ’n adres by Microsoft toe gaan.) ’n Lys van alle beskikbare tale word gegee. Kies ’n taal, en klik op die “Download”-skakel gebaseer op die weergawe van Office wat nou geïnstalleer is. Daar sal ’n bladsy verskyn met gedetailleerde instruksies om die proses en installasie te voltooi.



Hennie Rudman

‘House of Hope’ now enlarged, renovated

“A House of Hope for students from Africa” is how dean of Theology, Prof Nico Koopman, described Weidenhof when this site was handed over to CS Construction for renovations and extensions – after years of negotiations and planning.

Weidenhof House, two semi-detached houses in Weidenhof Street near the Stellenbosch station, accommodates postgraduate theology students, mostly from elsewhere in Africa.

The Hartgerink Trust and the Commission for Witness of the DRC family bought Weidenhof for this purpose in 1992 and gave it to Stellenbosch University in 2008. For Maties from countries like Namibia, Malawi, Zambia, Zimbabwe, Kenya, Mozambique and Nigeria it has been a physical and spiritual home for two decades.

Depending on each one’s study programme, they may live here from a few days at a time to stretches of five years or more.

Weidenhof House recently delivered two doctoral graduates, dr Chatha Msangaambe from Malawi and Zimbabwean dr Christopher Munikwa.

The renovated building will accommodate 23 residents, including married couples and disabled people. The project will cost around R6 million. Contact Liena Hoffman at liena@sun.ac.za or 021 808 3255 about contributions to the building fund.

Some of the residents who now live at Weidenhof House.

Tackling the interface between ecology, mathematics

When he started his studies in China in the 1990s, Dr Cang Hui (photo) wanted to be an applied mathematician. However, an academic mentor in his third year, who happened to be a bio-mathematician, introduced Hui to matters relating to biology, and set him on his path as a mathematical ecologist.

"I came under the impression that the 21st century would be the century for biology," remembers Hui, who obtained his MSc in Applied Mathematics and a PhD in Ecology from Lanzhou University in China.

He now describes himself as a mathematical ecologist, or a mathematician turned ecologist who combines these two disciplines to study the trends and distribution of invasive species such as Australian acacias and Argentine ants.


"I am interested in the interface between ecology and mathematics," he explains. "My continuous interest is to apply mathematics in the field of ecology for a deeper and more fundamental understanding of emerging ecological patterns."

For the past three years, Hui (33) has done just that as a core team member of the DST-NRF Centre of Excellence for Invasion Biology at Stellenbosch University (SU). He started his career at the University in 2004 as a postdoctoral associate of the Department of Conservation Ecology and Entomology.

Hui recently received a coveted P rating from the National Research Foundation (NRF), which recognises his potential to become a future leader within his research field.

Mathematical ecology and ecological modelling are among the scarce skills in South Africa – and are necessary tools in ecology and conservation management.

Hui provides valuable support to



Engela Duvenage

fellow scientists in the field of invasion biology. His current projects tackle the dispersal of European starlings in Britain and South Africa, and the spatial patterns of invasive plants in the Kruger National Park.

Hui believes his research will not only illuminate how nature works, but also challenge the development of mathematics.

He is the author or co-author of 62 journal articles, has contributed to an impressive number of book chapters

and full-length proceedings, serves on the editorial boards of *Applied Mathematics and Computational Sciences* and *The Open Zoology Journal*, and is an associate editor of *Biological Invasions*.

■ Physiological ecologist Dr John Terblanche, a former CIB student, also received a P-rating recently. He is a senior lecturer in Conservation Ecology and Entomology.

– ENGELA DUVENAGE

Stoorstokkie dalk e-leer se toekoms?

'n Stoorstokkie ("flash disk") wat soos 'n akker lyk, is nou die grootste "moet-hê" item vir eerstejaarstudente van die Fakulteit Natuurwetenskappe.

Dit bied nie net vindingryke verpakking vir data nie, maar bevat spesiaal ontwikkelde sagteware genaamd "Nutshell" wat studente eenmalig op hul rekenars kan aflaai sodat hulle beskikbare elektroniese studiemateriaal aflayn kan gebruik.

"Die ontwerp is 'n uitloeiisel van die sagteware se naam, wat op sy beurt weer 'n koppeling met die 'nat' van Natuurwetenskappe is," verduidelik NARGA se bestuurder, Ilse de Kock, wie se breinkind dié ontwerp was.

Dit is die eerste soos dié by 'n Suid-Afrikaanse universiteit.

Sagteware word eenmalig vanaf die stoorstokkie geïnstalleer. Daarna teken 'n student op 'n koppelvak ("interface") in, waarna alle elektroniese studiemateriaal soos klasnotas

en artikels wat vir sy betrokke studieprogram gelaai is, in die agtergrond outomaties vanaf 'n sentrale stoor-spasie op sy rekenaar aftrek.

"'n Student hoef nie meer deur 'n tydrowende proses te gaan om stuk-vir-stuk al sy studiemateriaal te soek en af te laai nie, want dit gebeur self in die agtergrond," vertel De Kock.

Hierna het studente nie verdere internettoegang nodig om die afgelaaië elektroniese dokumente per rekenaar te lees nie, en kan hulle die materiaal gebruik waar en wanneer hulle wil.

"Nutshell word as prototipe onder ons eerstejaars getoets, en as alles goed werk wil ons dit uitrol na al ons studente," vertel prof Eugene Cloete, dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe en die projek se dryfveer.

"Ons strewe is dat toekomstige eerstejaars elkeen kampus toe sal kom met hul eie rekenars," vertel hy,

"want ons leef in 'n digitale wêreld met digitale inligting, en ons studente moet in pas bly en so rekenaar-geletterd as moontlik wees.

"Met die toenemende beskikbaarheid van e-hulpbronne soos klasnotas en e-handboeke kan mens studies soveel meer bekostigbaar maak," glo hy.

Rekenaargebaseerde praktika en die toenemende gebruik van "open source" e-handboeke met goeie handleidings is onder meer opsies wat moontlik raak deur tegnologiese soos Nutshell. Intydse tolkdienste raak moontlik wanneer alle studente rekenaartoegang het.

■ Die nuwe 88-sitplek NARGA H rekenaarlokaal in die Natuurwetenskappegebou is nog 'n nuutjie wat rekenaaruutbrei aan BSc-studente uitbrei. Dit het 'n kookusarea met Ottomans en 'n koffiemasjien waar studente in klein groepies kan wegbreek om take te bespreek, en is



Engela Duvenage

ingerig met Rekenaaruwetenskapstude- nte in gedagte wat lang ure se programmering moet doen.

'n Buitedeur bied ook ná ure veilige toegang. Dit brei die NARGA-geriewe op kampus tot 485 rekenars uit.

– ENGELA DUVENAGE

Overseas partners boost Clinical Epidemiology

Recognising the major role of clinical epidemiology in the functionality of health care in South Africa, the global pharmaceutical company, Novartis, has formed a partnership with the SU Faculty of Health Sciences to help build research capacity

The company offers three-year study grants to 30 postgraduate medical students from anywhere in Africa, to complete a Master's Degree in Clinical Epidemiology at SU.

Prospective candidates need an MB,ChB or equivalent degree, or at least a four-year professional bachelor's degree in a health-related discipline. Each annual intake will include six South Africans and four citizens from other African countries, and will be subject to an annual review.

"First preference will be given to previously disadvantaged South Africans," says Patrice Matchaba, Global Head of Drug Safety and Epidemiology at Novartis. "The selection process will be based on merit and past academic performance."

The company will also sponsor an annual Clinical Epidemiology Week in conjunction with the university.

"We are honoured that the Faculty of Health Sciences at Stellenbosch SU will be a partner in this project, says Glen Sullivan, CEO of Novartis SA. The company has a proud track record in increasing the pool of health care talent available, he says.

Prof Jimmy Volmink, dean designate of the faculty, says SU already plays "a significant role in addressing some of the major social, economic and health challenges facing our country and the African region. We believe the support from Novartis for our capacity building initiatives in clinical epidemiology will go a long way in furthering these goals."



Sonika Lamprecht

Prof Linus Opara delivers inaugural lecture

Prof Linus Opara (centre) of the Department of Horticultural Science presented his inaugural lecture, titled *From hand-holes to vent-holes: what's next in innovative horticultural packaging?* on Wednesday 2 February. Opara heads a project aimed at determining and reducing post harvest losses – part of the HOPE Project's Food Security Initiative. With him is Prof Mohammad Karaan (left), Dean of AgriSciences, and Prof Julian Smith, Vice-Rector: Community Interaction and Personnel.

A gap year that's structured, productive

Many school-leavers who are undecided about the future, take a gap year, often overseas – and often of no avail because the gap year was unstructured.

To overcome this, USB Executive Development (USB-ED), the public executive development and training company of the University of Stellenbosch Business School, now presents an entrepreneur programme to make such a gap year as productive as possible.

It is also aimed at students who have terminated their studies, and young graduates wanting to create their own employment opportunities.

It encourages and elucidates entrepreneurial thinking, teaching one to seek one's own opportunities or to create them in preparation for a future career, says programme leader DeWet Schoeman.

The second phase of the ten-month programme may be done while working (even overseas) with report-



Frik Landman, USB-ED's executive manager (second from the right) with Gap Year students Mohammed Orfi and Abdulaziz Shokri, both from Saudi Arabia, and Bobby Clous from the Netherlands.

backs over the internet. Participants qualify for an entrepreneurship and business management certificate.

"A gap year can be structured, and

filled with discovery and excitement," says Schoeman. Contact him at dewet.schoeman@usb-ed.com or 021 918 4216.

'GROEN' sakeboodskap duidelik oorgedra

Die aarde is toenemend onder druk weens onder meer bevolkingsgroei, besoedeling en migrasie na stedelike gebiede wat alles bydra tot aardverwarming. Sakeleiers kan nie meer die eise van volhoubaarheid en 'n groen ekonomie ignoreer nie. Net deur etiese en volhoubare leierskap kan die sakegemeenskap algehele ineenstorting keer.

Sprekers by die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se eerste Alumni Klasdag- en Gradedagfees het dié "groen" sakeboodskap duidelik oorgedra.

Dr Arnold Smit van die Sakeskool het gesê sakeleierskap behels dat gehoor gegee word aan volhoubaarheidseise. Twee beginsels geld: Op biologiese vlak moet by die natuur-

wette aangepas word en op politieke vlak moet gestreef word na verbeterde materiële standaarde deur alternatiewe ekonomiese beginsels.

'n Paradigmaskuif is noodsaaklik in 'n omgewing waar die gemeenskap en omgewing ondergeskik gestel word aan die dwang van ekonomiese groei en vooruitgang – met ernstige skadelike gevolge vir veral die omgewing. 'n Balans tussen ekonomie, gemeenskap en omgewing is nodig – wat net kan gebeur as 'n ekonomiese model gevind word wat pas binne die moontlikhede wat 'n beperkte omgewing toelaat.

Etiese optrede behels dat die maatskappy bydra tot volhoubare ontwikkeling – onder meer deur gemeenskapsgeondheid; dat bedrywighe-

voldoen aan die toepaslike wetgewing en internasionale norme; en dat etiese gedrag regdeur die maatskappy toegepas word.

Verantwoordelike leiers vermy kompromieë wat die natuurlike omgewing bedreig en só nadelig inwerk op komende geslagte se lewensgehalte, het Smit beklemtoon – en gepleit dat etiese en verantwoordelike leiers deur uitvoerende bestuursontwikkelingsprogramme gekweek word.

Prof Alan Brent (mededirekteur, Sentrum vir Herwinbare en Volhoubare Energiestudies, Skool vir Publieke Leierskap) het gesê 'n groen ekonomie is bedrywigheede wat verband hou met die vervaardiging, verspreiding en verbruik van goedere en dienste wat op die lange duur positief

tot die mens se welsyn bydra en sal keer dat toekomstige geslagte blootgestel word aan omgewingsrisiko's of ekologiese tekorte – soos van kos en water.


In 'n doeltreffende groen ekonomie belê die openbare en private sektore in groen inisiatiewe, gerugsteun deur bemaagtigende beleidsveranderinge – vir die hersamestelling van ondernemings, infrastrukture en verskeie instellings, wat volhoubare verbruikers en vervaardigingsmetodes sal toepas.

Vir volhoubare, groen oplossings het Brent vennootskappe met ander regerings, die wetenskapsgemeenskap en die breë samelewing bepleit.

– STEPHANIE NIEUWOUDT


BOEKE / BOOKS

Medical Ethics



THE Bioethics Unit (Faculty of Health Sciences) has published its first book in medical ethics. Eleven contributing authors from SA universities compiled this book that is both comprehensive and practical – covering basic ethical theory and specific topics in ethics, including, among others, HIV/AIDS, Reproductive ethics, End of life issues and Paediatric ethics. Useful to health sciences students, registrars/clinical assistants and clinicians in practice. Available at Van Schaik and Exclusive Books.

Mediese Woordeboek aanlyn beskikbaar



DIE Woordeboek vir die Gesondheidswetenskappe is by die US Biblioteek aanlyn beskikbaar. Om 'n woord hierin te soek: gaan na die biblioteek se tuisblad, www.sun.ac.za/library en kies Databasisse; dan P. Soek Pharos dictionaries en as dit oopmaak, klik op Kies woordeboeke – en tik dan die woord in wat jy soek.

Oppas maar vir dié hengelaars se slenters!

Die meeste mense dink hulle is té uitgeslape om in 'n kuberhengelaar se slenterstrik (*phishing*) van hul aanlyn-identiteit beroof te word.

Maar volgens 'n studie by die Harvard-universiteit flous goed beplande kuberhengel-webwerwe meer as 90% van internetgebruikers – met 15% wat sekuriteitswaarskuwings ignoreer en 23% sien dit nie eers raak nie.

Met sulke feite het prof Rika Butler (Departement Rekeningkunde) as 'n spreker by die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se Alumni Klasdag- en Gradedagfees haar gehoor oortuig hulle is nie immuun teen kuberhengelaars en hul slenters nie.

"Kuberhengel het vanaf 2003 oor die internet ontplof," het sy gesê. In vermomde e-posse doen kuberhenge-

laars hulle voor as instansies wat die internetgebruiker se persoonlike besonderhede mag gebruik. Ingeboude hiperskakels lok gebruikers na kwaadwillige webtuistes vir hul inligting, soos wagwoorde en rekeningnummers.

In die afgelope vyf jaar is 237% meer aanvalle aangemeld, sê die *Anti Phishing Working Group*, wat kuberidentiteitsdiefstal en -bedrog probeer uitskakel. Suid-Afrika se eerste aanvalle soos dié was in 2005 toe vier groot banke se kliënte deurgeloopt het.

Butler het gemaak teen e-posse – skynbaar van finansiële instellings soos banke – wat 'n mens vra om jou

persoonlike besonderhede te verskaf of op te dateer.

Kuberhengelaars kan met jou gesteelde besonderhede geld uit jou bankrekening onttrek, nuwe rekeninge in jou naam open of skuld aangaan wat nie betaal word nie.

Butler het voorgestel:

- Oppas vir massa e-posse. Moet nooit per e-pos persoonlike en vertroulike inligting stuur nie. As 'n e-pos verdag lyk, doen navraag by die bank of organisasie van wie die e-pos skynbaar kom. Spel-, taal- en ander foute in 'n e-pos dui gewoonlik op iets wat skort. E-posse van 'n bank moet deur 'n beaampte onderteken wees.

- Die webblaaiër moet "https" bevat, nie net "http" nie. Kyk onder aan die webbladsy vir 'n ikoon van 'n slot –

veral op bladsye waarop persoonlike besonderhede verskaf word. As die webtuiste se sekuriteitsertifikaat en privaatheidsbeleid afwesig of onverstaanbaar is, oorweeg dit om elders sake te doen.

- Pas op vir effens aangepaste bron-adresse (URLs) in die hiperskakel – kuberhengelaars kan die werklike adres op verskeie maniere verberg.

- As jy 'n bank-webwerf besoek, is die veiligste om nie op 'n hiperskakel te klik, of dit te "knip en plak" nie, maar tik self die amptelike webwerf-adres in.

- Slaan ag op waarskuwings wat deur sagteware verskaf word. Laai deurentyd gemorsposfilters, én die jongste sagteware teen kuberhengel, op jou rekenaar.

– STEPHANIE NIEUWOUDT


Help needed for diabetes study

The Cardio-Metabolic Research Group (CMRG) in the Department of Physiological Sciences (headed by Prof Faadiel Essop) conducts a human study to test a new diagnostic tool for the earlier detection of diabetes.

World-wide, somebody dies from diabetes-associated effects about every ten seconds. Diabetes prevalence is predicted to increase from 135 million in 1995 to 300 million in 2025. Diabetes patients have an increased risk for heart diseases.

Because detection methods have shortcomings, a more effective tool would be a significant medical advance. A promising CMRG study urgently requires volunteers, aged 35-65, says Clare Springhorn, a leading CMRG researcher. Even healthy people may volunteer, but pre-diabetic and diabetic ones are particularly encouraged to take part.

One only has to make a small, once-off blood donation, taking five minutes. Contact Clare Springhorn at 15031659@sun.ac.za or 073 2566904.



Menslike Hulpbronne se Afdeling Personeel Welwees bied vanjaar 'n reeks byeenkomste in middagetetyd aan. By die eerste een het die skrywer André le Roux gesels oor sy nuwe boek, *Kan ek maar aan jou selluliet vat?* By hom is (links) Monica du Toit van die Kantoor vir Institusionele MIV-Koördinerings, wat dié byeenkoms saam met Personeel Welwees aangebied het, en Maureen Kennedy, hoof van dié afdeling. In Maart is daar twee sulke byeenkomste, op die 9de en 23ste.

ADVERTENSIES/CLASSIFIEDS

TE KOOP / FOR SALE

Pool Pump: Brand new pool pump for 30 000 litre pool for sale: R1 000. Call 082 979 4667.

Karoolam te koop: Gewaarborg:

Steroid en groeihormoonvry. Prys: R48.75 per kg. ('n Lam weeg tussen 16 en 20 kg. Halwe lammers ook beskikbaar). Verpakking: 3 opsies:

Alles tjops met 2 boude heel; alles tjops met 1 boud heel; alles tjops. Aflewering: Einde van elke maand. Skakel: André Jooste. 08 33 9191 33
of e-pos: a.jooste2@gmail.com

TE HUUR / TO LET

Room to let in spacious house in Welgevonden: I am looking for a female working person or postgraduate between

the ages of 24-35 to share a fully furnished house in Welgevonden. R2 500 per month. Contact Elsa du Toit at ejdutoit@distell.co.za or 084 510 3411.

VERBLYF / ACCOMMODATION

Verblyf Stellenbosch: Selfversorgende akkommodasie in Jonkershoekweg. Maks. 3 persone, R130-00 p.p.dag.

Heerlik, gesellig, privaat.
www.121jonkershoekroad.co.za Kontak 021 883 3104 of rdk@sun.ac.za

Furnished room available in Welgevonden Security Complex, Stellenbosch: Looking for a post graduate or senior lady student. Available from 1st of March. Electricity and water included. R2 200. Please

phone 084 510 3411 for viewing or email ejdutoit@distell.co.za

SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS

Saamrygeleentheid: Vanaf Somerset-Wes/Stellenbosch na Kaapstad elke dag. Kontak: Alex van Noordwyk by 082 873 0630 of Christelle by 082 326 0239.

WELKOM / WELCOME / WAMKELEKIL
1^e/st Jaars / Years!



Onder dié spesiale banier het Elvandré Galant en Lloyd Africa van die Sasol Museum eerstejaarstudente by die museum in Ryneveldstraat verwelkom. Die museum is oop op woensdae én Saterdag (09:00-16:30) en personeellede is welkom om in te loer. Die Kunsmuseum en US Kunstgalerie (h.v. Dorp- en Birdstraat) beoog vanjaar verskeie opwindende uitstallings. Die museum bied *Rendezvous: Focus original lithography* tot in April aan, en in Maart verskeie Woordfees-programme. Marjorie van Heerden se illustrasies vir *Alice se avonture in wonderland* deur André P Brink is onder meer te sien, en Walter Meyer is tot 24 April die gaskunstenaar. Enkele ander Kunsmuseum-hoogtepunte vanjaar is die groepsuitstalling in Mei, *Lens: fractions of contemporary photography and video in South Africa*, met kunstenaars soos Lien Botha, Kathryn Smith en Zanele Muholi. In Oktober word 80 werke uit die museum se eie versameling uitgestal. By die US Kunstgalerie gaan solo-uitstallings deur Nastassja Hewitt en Carl Becker aangebied word. "Personeellede is welkom om openingsuitstallings by te woon of enige ander tyd die museum en galerie te besoek, sê Corlia Harmsen, die galerie se kurator (corliah@sun.ac.za of 021 808 3524/3489). Besoek <http://admin.sun.ac.za/usmuseum/>

US Woordfees is gewildste SA fees

Die Universiteit Stellenbosch Woordfees is Suid-Afrika se gewildste kunstefees! Dié aankondiging is gedoen by 'n luisterrike geleentheid in die Kunstekaap waar die Woordfees die kykNET Fiesta-gewildheidsprys ontvang het. Die publiek het dié pryswenner deur SMS'e aangewys.

Woordfeesdirekteur prof Dorothea van Zyl het kykNET bedank vir dié kanaal se spesiale erkenning aan die rol van feeste "om soos vonkproppe die enjin van die skeppende kunste in die land aan die brand te skop".

Sy het lof gehad vir die Universiteit, wat die Woordfees herberg, Stellenbosch as dorp en die baie donateurs en vennote wat die fees ondersteun.

"Ons is maar almal dienaars van die Afrikaanse woord," het Van Zyl gesê. "Die Nederlandse skrywer Adriaan van Dis het – nogal in ooreenstemming met ons feestema vanjaar, *Elwe en Selwe* – Afrikaans nie verniet 'nederlands met elfvoetjies' genoem nie!"

Die ATKV, 'n hoofdonateur van die Woordfees se WOW-projek en eie WOORDtroFEES, het die prysgeld van R50 000 vir dié gesogte toekenning geborg.

Die Woordfees se nominasie vir die Fiestas, *As die broek pas* – wat in 2010 op die fees se Sanlam Drama-fees gedebuteer het – het vier Fiestas ontvang: Antoinette Kellermann as

beste aktrise en vir beste spel in 'n eenpersoonvertoning, Marthinus Basson vir beste teaterontwerp, én (die grootste onderskeiding van die aand) dat dié stuk as beste aanbieding aangewys is.

Die 2011-Woordfees (4-13 Maart op Stellenbosch) se volledige fees-program is by www.woordfees.co.za. Kaartjies by Computicket.

Die tema is *Elwe en Selwe*, met 2011 en 11; met die ELF (Eenheid vir Lees en Fees) waarmee onlangs begin is; en ook met die bonatuurlike.

"*Selwe* belig die unieke eienskappe wat van al ons deelnemers (en besoekers) spesiale persoonlikhede en sterre maak," sê Van Zyl.

Legendariese skrywers uit Suid-Afrika en die Nederlandse lees vanjaar voor en neem deel aan gesprekke oor verskeie interessante onderwerpe. Groot name soos André P. Brink, Elsa Joubert, Etienne van Heerden, T.T. Cloete, Koos Kombuis, Riana Scheepers, Margaret Bakkes en Pieter W Grobbelaar is van dié wat optree.

Die Woordfees se Sanlam Drama-fees bied 20 produksies aan, met



Dorothea van Zyl met die Fiesta.

gewilde akteurs soos Sandra Prinsloo, Shaleen Surtie-Richards en Anna-Mart van der Merwe in hoofrolle. Ingrid Winterbach se trefferdrama *Spyt* is ook by die Woordfees te sien, en Marthinus Basson regisseur die produksie *Medea*.

Van die bekendste kunstenaars in die Suid-Afrikaanse musiekbedryf is ingesluit op die Woordfeesprogram, soos die Soweto Gospel Choir, Robbie Wessels, Bobby van Jaarsveld, Chris Chameleon, Elvis Blue, Karen Zoid, Stef Bos, David Kramer, Amanda Strydom en aKing.

A beast that's serious and funny

La Bête (The Beast), David Hirson's multi-award winning comedy hit of the 2010 Broadway and West End season, runs at the HB Thom Theatre (20:00) until 26 February.

Written entirely in rhyming couplets, it deals with a crisis befalling an acting troupe that is forced by their benefactor, Prince Conti, to incorporate a street performer of dubious genius into the company in the hope of spicing up the fare of his resident writer, Elomire.

This hysterically brilliant debate on the clash between High and Low Art has been described by Martin Gottfried, critic of *Theatreweek*, as "the boldest and most daring play to be produced on Broadway in many years, and the rare one that is both serious and funny. It is the stuff that made us fall in love with theatre in the first place".

Fleur du Cap Award-winner Christiaan Olwagen (photo), best known for his sterling work as the MC in the musical *CABARET*, is the one-man-hurricane Valere, the beast of the piece. Marthinus Basson has designed and directed this production. Tickets: R60 (students R40). Bookings: 021-8083216 or 071 548 1375. Visit www.sun.ac.za/drama



Concerts at the Endler Hall

- 6 March: **Schola Cantorum** Soloists Choir conducted by Rudolf de Beer: a programme of Afrikaans choral and solo works in association with Woordfees.
- 12 March: **Schoenberg**: his final and most important work from his expressionist period.
- 25 March: University of Stellenbosch **Symphony Orchestra** (conductor: Corvin Matei) with Cobus Swanepoel (cello) and Priya Mitchell (violin): *Rococo Variations* (Tchaikovsky), *Violin Concerto* (Sibelius) and *Fifth Symphony* (Beethoven).
- 26 March: University of Stellenbosch **Symphony Orchestra** (conductor: Corvin Matei) with Daniel Rowland (violin): *Violin Concerto* (Elgar) and *Fifth Symphony* (Beethoven).
- 2 April: **Band Extravaganza**: University of Stellenbosch Symphonic Wind Ensemble conducted by Pamela Kierman. Featuring guest wind and brass ensembles.
- **Book at COMPUTICKET.**

BOEKE / BOOKS

Woordeboekie help nie-Afrikaanssprekendes


Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) en die Vriende van Afrikaans se tweetalige woordeboekie, *Basic Afrikaans The top 1000 words and phrases*, het pas by Pharos verskyn. Dié woordelys kan nie-Afrikaanstalige studente op Afrikaanse kampusse laat welkom voel. Dit bevat die duisend nuttigste Afrikaanse woorde wat nodig is om op 'n oorwegend Afrikaanse kampus oor die weg te kom. Elke Afrikaanse woord word ook met 'n volsin geïllustreer. Daarby is ook toeriste-inligting, vir buitelandse studente. Die teksbokse wat deur die woordelys versprei is, is 'n poging om taal-kulturele inligting oor te dra. Daar is ook frases vir verskillende kommunikasiesituasies, byvoorbeeld hoe om te groot in Afrikaans, die dae van die week en die maande van die jaar. Dié woordeboek word op 7 Maart (13:00) tydens die Woordfees in Erfurthuis bekendgestel met 'n vingerete en paneelbespreking. Bespreek teen 3 Maart: Cecile by cjb@sun.ac.za of 021 8873113.



Sokker op Stellenbosch

Samesteller: Hilton Biscombe.

Ná 2010 se wêreldbeker loop sokkergeesdrif nog hoog. In sekere woonbuurte in die andersins rugbymal Stellenbosch vier dié spel al sedert die vroeë 1900's hoogty – maar grotendeels as gemeenskapspel. Van Coetzburg se grasvelde en die *Newtons* op die Markotterveld na Bloekomlaan en Kreefgat, die *Nelsons* se oorlewingstryd, die *Burnleys* en *Gardens* op Jamestown, neem *Sokker op Stellenbosch* se vertellers 'n mens op 'n reis na die verlede – die "Goue Era" van sokker in die Wynland. Sport was hier nog altyd 'n belangrike samebindende faktor en dié inspirerende boek laat die leser onder die indruk van die wisselwerking tussen sokker en dié gemeenskappe.



Geskiedenis van die koringbedryf vanaf Tafelvallei tot die Rooi-Karoo (1652-2009)

Deur Gawie Richter

Koring was onder die eerste gewasse wat verbou is toe Jan van Riebeeck 'n verversingspos gevestig het vir skepe op die roete tussen Europa en die Ooste. *Die Geskiedenis van die Koringbedryf vanaf Tafelvallei tot die Rooi-Karoo* is egter die eerste werk waarin dié bedryf se geskiedenis, veral in die Swartland, opgeteken word. Dit is nie 'n tegniese handleiding vir koringproduksie nie – al bevat dit



waardevolle inligting oor saaiboerdery – deurgaans vervleg met lekkerleesstaaltjies en interessante geskiedkundige inligting. Prof André Agenbag (Departement Agronomie, US) noem dit tereweg 'n "waardevolle toevoeging tot die literatuur oor landbou in Suid-Afrika".



Researcher co-authors Russian book on SA

Dr Ian Liebenberg (photo), a senior researcher at the Centre for Military Studies (CEMIS) in the Faculty of Military Science and lecturer in Political Science in this faculty, is co-author of *South African Armed Forces and Military Industry* (with the text in Russian) that was published in Moscow in December. He co-authored the work together with Dr Gennady Shubin of the Institute for African Studies at the Russian Academy of Sciences and Igor Maidanov, who is also associated with that institute.

The work, published by Memories Publishers, Moscow, is an outcome of trans-disciplinary and international cooperation. An English translation is to follow.

Liebenberg has co-edited works such as *The Long March: The Story of the Struggle for Liberation in South Africa*, Kagiso-HAUM (1994); *The Hidden Hand: Covert Operations in South Africa*, IDASA/Friedrich Naumann/HSRC (1994, revised edition 1998); *Consolidation of Democracy in Africa: A View from the South*, Ashgate Publishers (2000); *Public Participation in Democratic Governance in South Africa*, HSRC Publishers (2002); *A century is a short time: New Perspectives on the Anglo-Boer War, 1899-1902*, Nexus Publishers (2005); and *Regions, Regional Organisations and Military Power*, SunMedia (2008). He is co-editor, with Abel Esterhuysen, of *Scientia Militaria*, an accredited journal on security, defence and civil-military relations.

New Academy addresses scholarship in Africa

The Faculty of Arts and Social Sciences is tackling the issue of bleak statistics about scholarship and doctoral education in Africa.

The African Doctoral Academy (ADA) in this faculty focuses on delivering world-class doctoral graduates. This training structure – initially aimed at the humanities and social sciences – was officially launched on campus recently.

At the launch ceremony, Ms Naledi Pandor, Minister of Science and Technology, voiced her support for the ADA, saying its work supports and advances doctoral training and scholarship on the continent – which is crucial to the promotion of science and technology in Africa.

Economic development and future prosperity, she said, requires regional interventions and planning – not independent and isolated actions and activities – to address Africa's challenges.

A doctor's degree "has become a proxy for individual achievement and for measuring the country's capacity for original research," she said. The number of those with doctoral degrees per million (or thousand) of a population "has been used as a proxy for the strength of an innovation system.

It's therefore very important that Africans collaborate in producing more PhDs."

The ADA has operated for the last year. It provides training courses to, amongst others, 55 full-time PhD students from 15 countries across Africa – enrolled in the Graduate School of this faculty, with full scholarships for the next three years.

The Graduate School, with the ADA and the Partnership for Africa's Next Generation of Academics (PANGeA), is part of a three-pronged initiative in the faculty to help regenerate and improve scholarship and research on the continent.

It is also one of the 23 academic initiatives that forms part of the University's HOPE Project (see www.thehopeproject.co.za).

The Graduate School recruits students and coordinate their studies while PANGeA – that now includes the universities of Botswana, Dar es Salaam, Makerere, Malawi, Nairobi and Stellenbosch – focuses on creating opportunities for collaborative re-



Prof Hennie Kotzé, Dean of Arts and Social Sciences, Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor, Ms Naledi Pandor, Minister of Science and Technology, and Prof Johann Mouton, Director of the ADA.

search and exchange among peer institutions; methodological development; full-time doctoral study; and, in the longer term, the creation of joint doctoral degree programmes.

The Academy's director, Prof Johann Mouton, says the ADA was founded to promote human development by helping to counter the effects of both the graduate brain drain and the decline of scholarship in Africa. It provides support in research, scholarship, supervision and management.

"It aims to become the pre-eminent site for advanced research skills training and development on the African continent."

The first ADA Summer School in Social Research Methods was presented recently in partnership with the International Political Science Association and with the input of highly-rated international experts from across the globe.

In essence, the ADA offers training courses for prospective and current

doctoral students in theory, methodology and scholarship. It also offers certificated courses to academic staff on supervision, the management of postgraduate studies and research management.

Enquiries: Prof Johann Mouton: 021 808 2393 or jm6@sun.ac.za or visit www.sun.ac.za/ada.

About the Graduate School and PANGeA: Prof Johann Groenewald at 021 808/4580 or jpg@sun.ac.za.



TB word 'weggeskop'

Die rektor, Prof Russel Botman (links), en aartsbiskop emeritus Desmond Tutu was by 'n Kick TB-geleentheid by die Andile Primêre Skool in Gugulethu – waar hulle, dr Alberta Mayberry (die VSA se konsul-generaal) en David Mamejja van die Nasionale Departement van Gesondheid sokkerballe doel-hok toe geskop het soos wat TB-simptome uit Gugulethu "weggeskop" moet word. Op sokkerballe wat 650 leerders elkeen gekry het, is TB-simptome uitgebeeld, én 'n boodskap: Wat om te doen as jy twee of meer van dié simptome het. Só kon leerders die TB-boodskap "internaliseer" soos nooit tevore nie. Die Kick TB-veldtog – 'n inisiatief van die US, Desmond Tutu TB Sentrum en Nasionale Departement van Gesondheid – is SA se amptelike TB-bewusmakingsveldtog. Een van die borge, Lilly MDR-TB Partnership, het dit gereël en daar was 20 internasionale mediaverteenwoordigers.

A very contented baby, named Hope, is seen here with her proud mother, Esmeralda (Essie) Tarentaal from the University's Music Library. Hope was born two days before Christmas last year – in the same year that the University announced its ambitious HOPE Project. Essie is on maternity leave until May.

Essie's Hope project



Saru tap Stellenbosser se wye ervaring

"Rugby is my passie," erken Kampusgesondheids (KGD) se direkteur, dr Pierre Viviers (foto) wat sedert laat verlede jaar 'n lid is van SA Rugby se Mediese en Wetenskaplike Advieskomitee.

Om in 2002 op Stellenbosch te kom werk, was vir hom 'n "droom wat ná jare waar geword het, want Stellenbosch is 'n opwindende sport- en veral rugby-omgewing."

Viviers het wye ervaring in sportgeneeskunde, en spesifiek rugby. Naas MB,ChB (verwerf in Bloemfontein) het hy twee meestersgrade, in sportgeneeskunde en mediese wetenskappe.

Maar by KGD werk hulle nie net met rugbyverwante mediese kwessies nie, sê hy. Nadat hy byvoorbeeld onlangs 'n Matie suksesvol vir 'n ernstige armbesering in judo behandel het, kon hy hieroor 'n referaat vir 'n internasionale konferensie in Amerika skryf.

Hy het al verskeie kere aan buitelandse konferensies oor sportgeneeskunde deelgeneem, en het samewerkingsooreenkomste en deurlopende skakeling met kollegas in dié veld, onder meer by universiteite in Amerika en Europa.

KGD as praktyk wag nou vir goedkeuring om toelating tot die American Campus Health Association, wat Viviers beskryf as dié organisasie waarteen 'n mens in hierdie veld gemeet wil wees.

Hy het dikwels saam met rugbyspanne oorsee gereis, onder meer na Skotland, Ierland, Engeland, Wallis, Frankryk, Japan, Nieu-Seeland, Uruguay en Argentinië.

Die eenwording in SA Rugby in die vroeë 1990's, wat ook 'n een-

wording van verskillende mediese adviesliggame meegebring het, was van die "interessante en uitdagende tye" wat hy beleef het.

In 2009 was hy voorsitter van die destydse SA Rugby Medical Association. Nog 'n hoogtepunt was die sewe jaar tot 2009 toe hy as spandokter by die "Baba-Bokke" (SA Onder-20s) betrokke was – toe hulle net een jaar nie onder die boonste drie geëindig het nie en twee goue medaljes by die IRB Junior Wêreldbeker Kompetisie gewen het.

Viviers het aanvanklik in Bloemfontein tot op MSc-vlak in die geneeskundige wetenskappe gestudeer. Terwyl hy met sy meestersgraad besig was, kon hy met spesiale toestemming terselfdertyd in geneeskunde begin studeer.

"Ek was tien jaar op universiteit. My pa het bekommerd geraak en gesê ek gaan nie genoeg tyd oor hê om 'n pensioen te verdien nie."

Daarna, as algemene praktisyn op Kroonstad, het hy die plaaslike Wanderers-rugbyklub se spandokter geword en in dié hoedanigheid ten nouste by Noord-Vrystaat se rugby betrokke geraak. "Dit het baie tyd én rondry beteken – meestal sonder vergoeding – maar was goeie ervaring."

Weens dié blootstelling is hy gevra om in te skryf vir nóg 'n meestersgraad – in sportgeneeskunde, waarmee die Universiteit van Pretoria toe begin het en hy onder die eerste studente was.



SA Rugby se Mediese en Wetenskaplike Advieskomitee waarin Viviers nou dien, lewer belangrike insette aan Saru se Mediese Afdeling – wat uitvoerend verantwoordelik is vir die Springbokke asook SA Onder-20-, Sewes- en Vrouespan.

Twee aspekte wat vir Viviers uit 'n medies-wetenskaplike oogpunt voorop staan, is eerstens rugbybeserings (voorkoming én herstel) en tweedens die voorkoming van oer-oefening by spelers.

Ondanks sy intense nasionale betrokkenheid lê Matie-rugby nog na aan sy hart en geniet hy sy betrokkenheid daarby – en as uitvoerende direkteur van Kampusgesondheid is hy ook senior uitvoerende beampte van SUSPI (US Sport Prestasie Instituut).

"Met talle baie jong, nie-professionele spelers – wie se liggame in 'n kritieke groeifase is – is beseringsbestuur in die Maties se rugbyklub veral belangrik," sê hy.

Die volgende uitgawe van *Kampusnuus* verskyn op 28 Maart 2011

Redakteur: Hans Oosthuizen (wnd.)
Bladontwerp: Heloise Davis **Drukwerk:** Shumani Printers
Advertensies: Conita Henry, tel: 021 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za
Redaksionele bydraes aan: Die Redakteur, Admin B-gebou, tel: 021 808 4851
 faks: 021 808 3800, e-pos: kampusnuus@sun.ac.za



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY